

**SLACHTER'S NEK VERSET**

**Mag ons nooit vergeet!**

Die **Slachter's Nek Verset** was 'n verset teen die Britse koloniale regering deur Boere in 1815 aan die oostelike grens van die Kaapkolonie. Die Boere is die afstammelinge van die proto-Afrikaanssprekende Vryburgers wat vroeg hoofsaaklik Nederlandse koloniste in die 18de eeu was wat van hul dienskontrakte aan die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (VOC) vrygestel is en volwaardige burgers geword het. Die bekendstelling van Vryburgers in die Nederlandse Kaapkolonie word beskou as die begin van 'n permanente vestiging van Europeërs in Suid-Afrika. Die Vryburger bevolking het uiteindelik in twee afsonderlike segmente ontaard wat deur sosiale status, rykdom en opvoeding geskei is: die Kaaps-Hollanders (Cape-Dutch) en die Boere.

Die Boere is die Vryburgers van die Oos-Kaapse grens in Suider-Afrika gedurende die 17de, 18de en 19de eeu. Van 1652 tot 1795 het die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie die Nederlandse Kaapkolonie beheer, wat die Verenigde Koninkryk in 1806 by die Britse Ryk opgeneem het. Die naam van die groep is afgelei van Trekboer en later Boer.

## Agtergrond

In 1815 is Frederik Bezuidenhout (24 Augustus 1760 – 10 Augustus 1815) van die plaas Baviaanskloof aan die oostelike grens van die Kaapkolonie, gedagvaar om op 5 Oktober 1815 in die hof op Graaff-Reinet te verskyn nadat hy daarvan beskuldig is dat hy Booi, een van sy Khoi-werkers, klaarblyklik mishandel het en geweier het om hom te betaal. Hy het nie opgedaag nie, omdat hy erg aan jig gely het. Omdat hy nie opgedaag het nie, is hy tot een maand tronkstraf gevonnis vir minagting van die hof en 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming is uitgereik. Omdat vermoed is dat hy sou teenstand bied, is luit. H Rousseau met veertien pandoers (Khoikhoi soldate) gestuur om hom te vang. Toe hy gekonfronteer is, het hy ’n Erasmus-seun en ’n Khoi-Khoi-man, Hans, geneem om saam met hom in ’n spelonk te gaan skuil. Hy het teen die soldate geveg wat gestuur is om hom gevange te neem. Nadat hy geweier het om oor te gee, is hy deur een van die pandoers doodgeskiet.

By Bezuidenhout se begrafnis het sy woedende broer, Johannes Jurgen (Hans Jan) Bezuidenhout, en ’n vriend gesweer om wraak te neem op die amptenare wat hy verantwoordelik gehou het vir sy broer se dood.

## Opstand

Hendrik Prinsloo, seun van Marthinus Prinsloo wat ná ’n opstand in 1798 onder leiding van Adriaan van Jaarsveld in die kasteel opgesluit is, was bereid om ’n verstet teen die amptenare te help organiseer. Saam met Hans Bezuidenhout het hy 'n opstand van 200 man gereël teen die Britse koloniale owerheid, wat deur die Boere as vyandig teenoor hulself beskou is en om Swartes en Kleurlinge bo die Boere te bevoordeel. Die Boere het ook meer as 3 600 beeste verloor wat gesteel is en het gevoel die Britte doen nie genoeg om hulle teen die aanvalle deur die Xhosa te beskerm nie. Toe Hendrik Prinsloo in Oktober 1815 die hulp van die Xhosa-opperhoof Ngqika (Gaika) probeer kry, het hy die simpatie van die meeste grensboere verloor. Andries Stockenström, adjunklanddros van Cradock, het alleen en ongewapend by ’n groep voornemende rebelle opgedaag en hulle oorreed om van hul plan af te sien.

Die amptenare was goed ingelig en Prinsloo is gou gevang. Ongeveer 600 burgers het toe bymekaargekom en sy vrylating geëis. Landdros JG Cuyler van Uitenhage, ’n gebore Amerikaner van Nederlandse afkoms wat saam met die Britte na die Kaap gekom het, het die opstandige burgers met ’n kommando van wit en bruin mense genader en hulle op 17 November per brief gevra om vrywillig oor te gee. Dit was die einde van die opstand.

Op 18 November het 'n kommando van 60 rebelle 'n gewapende mag van 40 soldate ontmoet wat deur kolonel Jacob Cuyler, die militêre bevelvoerder en Landdros aan die oostelike grense gestuur is, ondersteun deur 30 rojalistiese Afrikaners onder leiding van Willem Nel, by Slachter's Nek.

Onderhandelinge het misluk, en die meerderheid van die rebelle het vertrek sonder dat enige skote afgevuur is. Twintig rebelle het oorgegee, gevolg deur nog 'n paar oor die

volgende paar dae. Sommige van die leiers, onder wie Hans Bezuidenhout, het egter geweier om hulself aan die owerhede oor te gee en liewer tot die dood wou veg. Op 29 November is hulle deur koloniale troepe aangeval. Sy vrou, Martha Faber, en 12-jarige seun, Gert, het die geweer help laai. Eers toe Bezuidenhout dodelik gewond is, is die verset gestaak.

**Nadraai**

Die rebelle is van 16 Desember 1815 tot 22 Januarie 1816 op Uitenhage verhoor, en 39 is gevonnis. Ses is ter dood veroordeel. Die ander is na Robbeneiland verban. Somerset het die 60-jarige Willem Prinsloo begenadig, maar Hendrik Prinsloo, Cornelis Faber, Stephanus en Abraham Bothma en Theunis de Klerk is op 9 Maart 1816 naby Slagtersnek in die openbaar by Van Aardtspos gehang. Cuyler was met 300 soldate teenwoordig.

Die dramatiese gebeure het ’n onuitwisbare indruk op geslagte Afrikaners gemaak. Die laksman en sy swart assistent het met net een tou opgedaag, want hulle was onder die indruk dat net een man opgehang sou word. Nog vier toue is op Uitenhage gekry, maar omdat hulle so oud en half vrot was, is besluit om hulle dubbeld om die nekke te hang. Die familie en die ander rebelle is gedwing om teenwoordig te wees. Op versoek van een van die ongelukkiges, Stephanus Bothma, is ’n gewyde lied gesing. Toe die laksman die luik ooptrek, was daar net een man wat hang. Die ander vier val op die grond, want die toue het gebreek. Die vier, hul familielede en vriende het na Cuyler gestorm en om genade gesmeek. Dat die tou gebreek het, was vir hulle ’n vingerwysing van God. So verwoord die verteller in DJ Opperman se *Joernaal van Jorik* dit ook: “En soos jy weet, my seun, die tou was vrot / waaraan die vier opstandiges moes hang; / party sê dis toeval, / maar ons sê dis God.” Cuyler het gesê dat hy hul gesigte nooit sou vergeet nie. Hy het egter geen mag gehad om die vonnis te versag nie en die ongelukkiges is weer opgehang – een na die ander met die een bruikbare tou. Sestien van die veroordeeldes is gedwing om die teregstellings te aanskou.

**Die Slachter’s Nek verset** en die gevolglike teregstellings van die rebelle het spesiale betekenis onder hedendaagse Suid-Afrikaanse historici gekry as **die begin van 'n Boerstryd teen die Britse koloniale bewind**. Hierdie pynlike en onregmatige gebeurtenis, word deur skrywers soos Frik Herman, wat sy hele lewe toegewy het aan die behoud van die Boervolk kultuur, geskiedenis en Geloof ter wille van hul nageslag, beskou as die geboorte van die Boervolk; ***Die Boervolk van Slachter’s Nek*** soos hy hul beskryf het. Enkele jare later het die gebeure by Slachter’s Nek, vergestalting gevind in die Groot Trek.




Slachter's Nek Afrikaner-Monument langs die N10 suid van Cookhouse.

**Hoekom die woord VERSET en nie REBELLIE of OPSTAND nie:**

Opstand / Rebellie: 'n Opstand of rebellie vind plaas wanneer 'n individu of groep mense in verset kom teen gesag. 'n Opstand wissel van burgerlike ongehoorsaamheid tot gewapende verset. Suksesvolle opstandings kan lei tot 'n revolusie of 'n bevryding.

Verset: Om weerstand teen iets te bied; in opstand kom; teenstand bied. 'n Protes of opstand teen iets.

Die Boere aan die Oos-Kaap het nie die koning van Engeland wat sonder hul keuse aan hom oorgelewer was deur die Prins van Oranje wat nie meer deur Nederland erken is as sy prins nie. Dus het hul in verset weerstand gebied teen die Britse oorheersing.

Bron uitreksel:

## RUITERS VAN SLAGTERSNEK

deur

J. ALBERT COETZEE

'n Oomblik is dit doodstil. Dan spreek Marthinus Prinsloo: "Ons is beskuldig van hoogverraad teen die koning van Engeland, maar ons het hom nooit gevra om ons koning te wees nie. Ons is aan hom oorgelewer deur die Prins van Oranje wat nie meer deur Nederland erken is as sy prins nie, want in Nederland is daar die Bataafse Republiek gestig. Op Graaff-Reinet het ons in '95 geweier om die koning van Engeland aan te neem, want ons het ons eie republiek gestig. Maar ons is tot onderwerping gedwing. Daarna het ons geen beskerming van die koning van Engeland ontvang teen die invalle, plunderings

en moorde van die barbare nie, en die landdros van Graaff-Reinet het selfs kant gekies vir die barbare en ons goeie naam beswadder ..." Die spreker draai sy gesig effens na die kant waar Hendrik en Teuns met die grootste aandag sit en luister. Hendrik kan sien dat sy vader nie na die regters kyk nie, maar deur die venster, in die rigting van die binneland, in die rigting van ou Bosberg.

"En hier aan die suidpunt van Afrika is 'n nuwe volk gebore. Ons is nie die Engelse nasie nie. Waarom moet ons dan die Engelse koning hê? Ons is ... die Boervolk. Ons het geen ander vaderland nie. Ons is beskuldig van hoogverraad teen die koning van Engeland. Maar ons is geen trou verskuldig aan die koning van 'n ander land nie. Ons is alleen trou verskuldig aan ons eie land, aan Afrika. Ons het nie verraad teenoor ons land gepleeg nie. Hoe kan ons verraad pleeg teenoor ons land as ons hom wil vry hê van vreemde oorheersing? Sal 'n Engelsman, wat nie wil toelaat dat 'n ander nasie oor sy land heers nie, beskou word as 'n verraaier van sy land? Nooit!

Hy sal beskou word as 'n patriot ..."

**VOORWOORD**

Die verhaal wat hier volg, is 'n beskeie poging om 'n beeld te gee uit die veelbewoë tydperk 1795-1816.

Dit is die tydperk waarin die eerste Boere-republieke in Suid-Afrika tot stand gekom het die begin van die onafhanklikheidsbeweging wat in dié tydperk gekulmineer het in die Galg van Slagtersnek en enkele jare later vergestalting gevind het in die Groot Trek.

In 1795 het die grensboere van die Kaapkolonie die gesag van die uitgediende Hollandse Oos-Indiese Kompanie verwerp en hul eie Republieke gestig, maar in dieselfde jaar het Engeland die Kaap in besit geneem en die Republieke (van Graaff-Reinet en Swellendam) onderwerp.

Die pas-ontluikte onafhankheidsideaal het egter voortgelewe, veral in die persone Marthinus Prinsloo van die Bosberg (later bekend as Marthinus Kasteel) en sy seun, Hendrik.

Die hoofpersone, en 'n aantal ander persone, in hierdie verhaal is dan ook nie denkbeeldig nie: Marthinus Kasteel, sy vrou, sy seuns (Hendrik, Klaas, Hannes), sy dogter (Hannie), Theunis de Klerk en sy broer, Barend, komdt. Adriaan van Jaarsveld, Oertel, Groot Willem Prinsloo, sy vrou, sy dogter (Maria), en sy seuns (Willem, Joachim), Frederik en Hans Bezuidenhout, Stephanus en Abraham Bothma, Cornelis en Martha Faber, Willem Kruger, kolonel Cuyler, majoor Fraser, veldkommandant Nel, Piet Prinsloo (die „kruiedokter"), lord Charles Somerset, die regters, ens..

In Suid-Afrika -- ek glo nie dit word in ander lande gedoen nie -- word dikwels beswaar gemaak wanneer terugverwys word na die verlede. Verskillende redes word hiervoor aangevoer.

In die eerste plek word beweer dat dit die Engelssprekendes in ons land seermaak. Dit behoort nie so te wees nie: Die Engelssprekendes in ons land behoort die geskiedenis van Suid-Afrika uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt te sien en saam met die Afrikaanssprekendes dankbaar te wees dat daar in Suid-Afrika 'n eie volkstradisie geskep is waarop almal kan trots wees.

In die tweede plek word egter deur sommige juis gewaarsku dat daar in die volksverlede ook dinge is wat ons met teësin vervul. Dit is waar, want netsoos vandag, was daar ook in die verlede mense wat verkeerd gehandel het. Maar, moet ons nou, omdat daar in die hede en die verlede verkeerde dinge is, die goeie saam met die verkeerde verwerp? Nee, laat ons oppas om nie die diamant saam met die gruis weg te gooi nie.

Teenoor die besware geld die onomstootlike waarheid dat 'n volk sonder tradisie soos 'n boom sonder penwortel is. Uit die verlede word ons besiel vir die toekoms. Ons harte skakel kloppend aan die hartklop van die eeue.

DIE SKRYWER.

Pretoria,

September 1949.